# 10 Februarie 2024 - Lesing 234 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Verkeerde beeld van God - Dwaalleringe – 7/11/61

**NO: 8035** Welke verwronge beeld kry julle nie van My Wese as Ek aan julle **voorgestel word as 'n God van toorn en wraak, as 'n strenge regter sonder erbarming**, wat alleen maar straf en veroordeel maar nooit genade gee nie. **So 'n God sal julle steeds vrees en Hom uit vrees gehoorsaamheid bewys**; julle sal ook Sy gebooie slegs uit **vrees vir straf** onderhou, maar julle sal Hom nooit liefhê soos wat Hy deur julle bemin wil word nie.

Solank julle dus nog so 'n beeld van My ontwerp het, **wandel julle nie in die waarheid nie**. Julle bevind julle dan nog in **geestelike duisternis**, sodat julle moeilik julle doel sal bereik om die vereniging met My te vind. Want slegs die liefde bring dit tot stand en hierdie liefde sal julle nouliks vir 'n wese opneem wat op hierdie manier aan julle voorgestel sal word.

Ek wil egter julle liefde wen, julle volste vertroue. Ek wil deur julle gesien word **as 'n troue Vader**, Wie begeer om met Sy kinders heg verbind te wees deur die liefde. En daarom moet julle 'n korrekte beeld van My verkry; die waarheid oor My Wese, Wie in Homself **Liefde, Wysheid en Mag** is, en dit moet aan julle gegee word, Wie hoogs volmaak is en Wie julle ook kan liefhê as julle julleself omvou voel deur My Liefde, Wie na julle uitgaan tot in alle ewigheid.

'n God wat julle straf as julle gesondig het, die sal julle wel vrees en nie kan liefhê nie. Ek straf julle egter nie, maar help julle steeds maar net om 'n uitweg te vind uit julle sondige toestand en **skenk julle die krag en genade, sodat julle dit kan doen**.

En nooit sal Ek die wese wat sondig geword het in die diepte gooi nie, **nooit sal Ek hom verdoem nie**, maar steeds probeer om hom uit die diepte omhoog te trek, omdat hy My medelye opwek, omdat **hy self** die weg na die diepte geneem het. En alle middele wat Ek aanwend om die gevalle en sondig geworde wese weer omhoog te lei, is 'n bewys van My Liefde, nooit egter strafaksies wat met My oneindige Liefde onvereenigbaar is nie.

**Julle hoef dus aan sulke leerstellings wat My voorstel as 'n wrekende en straffende god geen geloof te skenk nie.**

Julle mag dus ook die leer van die ewige verdoemenis afwys as 'n **groot dwaalleer**, want Ek verdoem nooit 'n skepsel nie, veeleer het hy self in vrye wil op die diepte afgestuur en **steeds wil Ek hom slegs weer uit die diepte bevry**.

Maar dat My geregtigheid nie uitgeskakel mag word nie verduidelik julle net dat Ek 'n wese nie geluksaligheid kan skenk wat hom vrywillig van My verwyder het nie - en homself na die diepte begewe het.

Maar as julle aan My dink, moet julle My steeds voorstel as 'n **goeie, uitermate liefdevolle Vader**, Wie steeds bereid is om julle Sy Liefde te skenk, Wie egter deur Sy volmaaktheid ook nie buite die ewige orde kan werk nie.

Vir elke wese staan die weg na My egter altyd oop. Ook die diepste gevalle wese hoef slegs Sy hande verlangend na My uit te strek en Ek sal sy hande vasgryp en hom omhoog trek. Want My Liefde en erbarming is so groot dat Ek by alle skuld verbygaan, **as die wese homself vrywillig aan My toevertrou**.

Dan kan Ek die skuld kwytskeld, omdat Ek in die mens JaHshua daarvoor My bloed vergiet het, - **dus die skuld gedelg het soos wat die geregtigheid dit vereis het**.

En as Ek aan julle mense nou in alle waaragtigheid My Wese beskryf, dan sal dit ook nie vir julle moeilik wees om in vrye wil die weg tot My te neem nie. **Maar 'n God wat julle moet vrees, kan julle nie liefhê nie**. Juis daarom moet die suiwer waarheid aan julle mense gebring word, 'n geestelike kennis wat vir julle duidelike opheldering sal gee oor Myself, julle God en Skepper, **Wie julle Vader wil wees**, - want dwaalleringe kan julle nie na saligheid voer nie.

**Daarom moet hierdie dwaalleringe gebrandmerk word**, want dit het van My teenstander uitgegaan, wie julle in geestelike duisternis wil hou en dit alles doen om te verhinder dat julle die weg na My vind, deur vrees vir My in die harte van die mense te plant, **om die liefde wat die kind met sy Vader verbind - nie te laat ontkiem nie**.

Ek wil egter julle liefde wen en laat julle daarom ook die waarheid toekom. Amein.

Hebreërs 12

*18 Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm*

*19 en basuingeklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen woord meer sou toegevoeg word nie—*

*20* ***want hulle kon die gebod nie verdra nie****: selfs as 'n dier die berg aanraak, moet dit gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word.*

*21 En Moses, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder.*